# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Regulation Gazette* No. 9815 *Regulasiekoerant*

Vol. 566 Pretoria, 31 August Augustus 2012 **No. 35644**

*N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes*

**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS

| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| | **Health, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 706 | Health Professions Act (56/1974): Regulations defining the scope of the profession of dental therapy.................... | 3 | 35644 |

## INHOUD

| *No.* | | *Bladsy No.* | *Koerant No.* |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| | **Gesondheid, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 706 | Wet op Gesondheidsberoepe (56/1974): Regulasies wat die omvang van die beroep van tandeterapie omskryf ........... | 7 | 35644 |

# GOVERNMENT NOTICE
# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTMENT OF HEALTH
## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

**No. R. 706** **31 August 2012**

## HEALTH PROFESSIONS ACT, 1974 (ACT 56 OF 1974)

### REGULATIONS DEFINING THE SCOPE OF THE PROFESSION OF DENTAL THERAPY

The Minister of Health has, in terms of section 33 (1) read with section 61 (2) of the Health Professions Act, 1974 (Act No 56 of 1974), and on the recommendation of the Health Professions Council of South Africa and the Professional Board for Dental Therapy and Oral Hygiene, made the regulations in the Schedule

### SCHEDULE

**Definitions**

1. In these regulations the "Act" means the Health Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), and any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear that meaning, and unless the context otherwise indicates

"**board**" means the Professional Board for Dental Therapy and Oral Hygiene established in terms of section 15 (1) of the Act ; and

"**dental therapy**" means the profession of a person registered as a dental therapist in terms of the Act.

**Scope of the profession of dental therapy**

2 The following acts are hereby specified as acts which shall, for the purposes of the application of the Act, be deemed to be acts pertaining to the profession of dental therapy:

(1) The recording of the dental history, examination of patients, the charting and diagnosis of their oral and dental status;

(2) Diagnosis and identification of extra and intra-oral abnormalities and oral manifestations of other systematic diseases such as oral cancer and HIV/AIDS;

(3) The recording of patients' medical history and the identification of medical risk cases that my complicate oral health treatment;

(4) the scaling, root planning, and polishing of teeth;

(5) direct conservative procedures;

(6) The non-surgical removal of teeth and roots under local anaesthetics and placement of sutures where appropriate;

(7) The treatment of post-extraction complications amongst other post-extraction bleeding, alveolar osteitis by the placement of intra-socket medicaments and/or sutures and other local measures;

(8) the application of primary preventive and therapeutic measures including health promotion;

(9) the treatment of minor traumatic injuries to teeth and surrounding tissues, including the splinting of teeth;

(10) the taking of intra-oral and extra-oral radiographs for the purpose of performing those acts that pertain to the profession of dental therapy;

(11) the prescribing of medication for the treatment of oral conditions relevant to the practice of dental therapy and as prescribed in the approved list of medicines;

(12) the performance of any aesthetic procedure within the ambit of dental therapy.

(13) The taking of impressions for the purposes of bleaching and fabricating mouthguards; and

(14) Adjusting and repairing of intra oral applications.

**3.** A registered dental therapist may practice his or her profession subject to the following conditions:

(1) he or she may only practise independently after serving a period of at least one year under the control and clinical supervision of a registered dentist or another registered dental therapist registered in the category independent practice for at least 3 years and and with the approval of the Board; and

(2) he or she shall refer, to a dentist or dental specialist, all cases outside the scope of the profession of dental therapy which may include :-

(i) pulpal exposure, excluding the emergency treatment permanent dentition and pulpal therapy of deciduous dentition;
(ii) impacted teeth;
(iii) malocclusion;
(iv) the replacement of missing teeth, including the requirements for fixed and removable prostheses, or implants; or
(v) oral and maxillofacial pathology.

**Performance of professional acts by a student in dental therapy**

**4.** A student in dental therapy shall perform acts pertaining to the profession of dental therapy under the supervision of a registered dentist, dental specialists, dental therapists or oral hygienist, and shall, limit such acts to acts directly related to his or her education and training in dental therapy.

**Repeal**

**5.** The regulations published *under Government Notice R1741 in Government Gazette 15120 of 17 September 1993* are hereby repealed.

**Short title**

**6.** These regulations are called Regulations Defining the Scope of the Profession of Dental Therapy made in terms of the Health Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974).

**DR A MOTSOALEDI, MP**
**MINISTER OF HEALTH**
DATE: 16/5/2012

**No. R. 706** **31 Augustus 2012**

## WET OP GESONDHEIDSBEROEPE, 1974 (WET NO. 56 VAN 1974)

## REGULASIES WAT DIE OMVANG VAN DIE BEROEP VAN TANDTERAPIE OMSKRYF

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 61(2), gelees met artikel 33(1), van die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en op aanbeveling van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika en van die Beroepsraad vir Tandterapie en Mondhigiëne die regulasies in die bylae uitgevaardig.

## BYLAE

### Woordomskrywing

1. In hierdie bylae beteken "**die Wet**" die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, daardie betekenis, en, tensy uit die konteks anders blyk, beteken—

"**raad**" die Beroepsraad vir Tandterapie en Mondhigiëne ingestel kragtens artikel 15(1) van die Wet; en

"**tandterapie**" die beroep van 'n persoon geregistreer as 'n tandterapeut kragtens die Wet.

### Omvang van die beroep van tandterapie

2 Die volgende handelinge word hierby bepaal as handelinge wat vir doeleindes van die toepassing van die Wet geag word handelinge te wees wat by die beroep van tandterapie tuishoort:

(1) Die aanteken van pasiënte se tandheelkundige geskiedenis, die ondersoek van pasiënte, die aanteken en diagnose van pasiënte se mond- en tandstatus;

(2) die diagnosering en identifisering van ekstra- en intra-orale abnormaliteite en orale manifestasies van ander sistemiese siektes soos mondkanker en MIV/vigs;

(3) die aanteken van pasiënte se mediese geskiedenis en die identifisering van mediese risikogevalle wat mondgesondheidsbehandeling kan kompliseer;

(4) die skraap van, wortelskaafwerk aan en poleer van tande;

(5) regstreekse konserwatiewe prosedures;

(6) die niechirurgiese verwydering van tande en wortels onder plaaslike verdowing en die insit van steke, waar gepas;

(7) die behandeling van komplikasies ná ekstraksie, met inbegrip van bloeding ná ekstraksie, alveolêre osteïtis deur die inplasing van geneesmiddels en/of steke in die tandkas, en ander plaaslike maatreëls;

(8) die toepassing van primêre voorkomende en terapeutiese maatreëls, met inbegrip van gesondheidsbevordering;

(9) die behandeling van geringe traumatiese beserings aan tande en omliggende weefsel, met inbegrip van die spalk van tande;

(10) die neem van intra- en ekstra-orale röntgenfoto's vir doeleindes van die uitvoer van die handelinge wat by die beroep van tandterapie tuishoort;

(11) die voorskryf van medikasie vir die behandeling van mondtoestande wat van toepassing is op die praktyk van tandterapie, soos voorgeskryf in die goedgekeurde lys geneesmiddels;

(12) die uitvoer van enige ander estetiese prosedure wat binne die omvang van tandterapie val;

(13) die maak van afdrukke vir doeleindes van tandbleiking en die vervaardiging van mondskutte; en

(14) die verstelling en herstel van intra-orale toepassings.

**Vereistes vir praktykbeoefening**

**3.** 'n Geregistreerde tandterapeut mag sy of haar beroep beoefen behoudens die volgende voorwaardes:

(1) Hy of sy mag slegs onafhanklik praktiseer nadat hy of sy vir 'n tydperk van minstens een jaar gedien het onder beheer en toesig van 'n geregistreerde tandarts of 'n ander geregistreerde tandterapeut vir minstens drie jaar, en met die goedkeuring van die raad.

(2) Hy of sy moet alle gevalle wat buite die omvang van die beroep van tandterapie val, na 'n tandarts of tandspesialis verwys, met inbegrip van—

(a) pulpaontbloting, uitgesonderd noodbehandeling vir permanente dentisie en pulpaterapie van wisseldentisie;

(b) geknelde tande;

(c) wanokklusie;

(d) die vervanging van verlore tande, met inbegrip van die vereistes vir vaste en verwyderbare prosteses, of inplantate; of

(e) mond- en bokaak-gesig-patologie.

**Verrigting van beroepshandelinge deur 'n student in tandterapie**

**4.** 'n Student in tandterapie mag handelinge wat by die beroep van tandterapie tuishoort, verrig onder toesig van 'n geregistreerde tandarts, tandspesialis, tandterapeut of mondhigiënis en moet sodanige handelinge beperk tot handelinge wat regstreeks verband hou met sy of haar onderwys en opleiding in tandterapie.

**Herroeping van regulasies**

**5.** Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 844 van 19 April 1991 en No. R. 1741 van 17 September 1993 word hierby herroep.

**Titel**

**6.** Hierdie regulasies heet die Regulasies wat die Omvang van die Beroep van Tandterapie Omskryf, uitgevaardig kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974).

---

**DR. A MOTSOALEDI, LP**
**MINISTER VAN GESONDHEID**
**DATUM:**

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531